




Oliebore is groot strukture met die toerusting om olie uit die grond uit te haal.



Plastiekvoorwerpe.

### Het jy geweet?

Plastiek is baie duursaam en dit neem 'n lang tyd om te degradeer of verrot. Dit word meestal gebruik om goed soos houers en sakke te maak wat ons weggooi wanneer ons dit klaar gebruik het. Hierdie plastiek word dan vullis in ons huise, strate en riviere. Dit beland uiteindelik in die oseaan. Hierdie besoedeling het 'n baie slegte uitwerking op lewe in die oseane. Dit is hoekom ons almal plastiekvoorwerpe moet herwin of hergebruik.

Olie is 'n donker vloeistof wat ons onder die oppervlak van die Aarde vind. Ru-olie kom van oliebore en oliebronne af en word na olieraffinaderye gepomp. Hier word die verskillende materiale in die ru-olie geskei. Olie en steenkool is onverwerkte materiale wat gebruik kan word om baie nuwe verwerkte materiale te maak.

**Plastiek** is 'n baie nuttige verwerkte materiaal wat uit olie en steenkool gemaak word. Plastiek het baie van die natuurlike materiale wat ons gebruik het om voorwerpe te maak, vervang. Daar is ook baie verskillende soorte plastiek. Kyk na die paar voorbeelde op hierdie bladsy.

Steenkool en olie kan gebruik word om verwerkte vesels te maak. 'n **Vesel** is 'n lang draad. Nylon en poliëster is voorbeelde van verwerkte vesels wat uit olie gemaak word. Die vesels word in gare en tekstiel omskep. Sommige vesels word in kussings en duvets gebruik; ander word komberse, tente, sakke en matte.